# Inhoud

## Kwartaal 3: Week 26 tot 30

**Storie 1:**
Barry die brandweerman ...... 2



**Storie 2:**
Dokter Nazeem .................... 9



**Storie 3:**
Die Blikbrein ........................ 17




EXTRACT PAGES

# Barry die brandweerman



EXTRACT PAGES

Barry die brandweerman hoor die brandalarm.
Hy gryp sy rooi helm en skerp byl.
Hy gly by die paal af en trek sy swart stewels aan.
Barry spring haastig in die brandweerwa.



Barry praat met Avan oor die radio. Avan het die brandweer vir hulp gebel.
"Hallo Avan, dit is oom Barry hier," sê hy.
"Jy moet mooi luister. Hou jou selfoon aan."
Avan snik en sy hond blaf in die agtergrond.
"Toemaar, Avan, ek is op pad," sê Barry.
"Gee solank vir my jou adres."

Avan antwoord: "Kersiestraat nommer 9."
"Ek sal die GPS gebruik om vinniger by jou te kom," sê Barry.
Die brandweerwa se sirene loei hard.
Barry jaag vinnig, maar versigtig, op die snelweg.



EXTRACT PAGES




EXTRACT PAGES

“Dit is net ek en my hond, Blits,” sê Avan.
“Avan, jy is mos ’n sterk en groot seun,” sê Barry.
“Hou jou hond vas en kruip tot by die naaste venster. Hou ook ’n lap oor jou neus en mond. Ek is om die draai van jou huis af.”



Avan gryp 'n kombersie en hou sy hond styf vas.
Hy gaan lê onder die braaikamer se venster.
Die vertrek is al vol swart rookwolke en arme Blits bewe.
Avan kyk by die venster uit toe hy die sirene hoor.
"Toemaar, Blits, hier kom die brandweer," sê Avan.

EXTRACT PAGES



Barry het sy helm op sy kop en ’n vuurvaste pak klere aan.
“Hier is ons! Hier is ons!” roep Avan.
“Gee pad!” roep Barry voor hy die venster stukkend slaan.
Barry tel vir Avan en Blits deur die venster.
Avan hoes van die rook en snak na sy asem.

EXTRACT PAGES





EXTRACT PAGES

’n Span brandbestryders is besig om die vlamme te blus.
Gelukkig het niemand seergekry nie.
Barry laat vir Avan en Blits voor in die brandweerwa sit.
“Jy is ’n dapper seun, Avan,” sê oom Barry.
“Jy ken sowaar die brandweer se nommer en jou adres.”




“Avan, jy moet vir my by die brandweerstasie kom kuier,” sê oom Barry. “Dit is baie gaaf van jou, Barry. Dankie vir alles!” sê Avan se ma en pa.
Avan se ouers is so dankbaar Avan en Blits is veilig.
Barry die brandweerman het hulle lewens gered!

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Sou jy ’n brandbestryder wou wees? Hoekom of hoekom nie?
2. Hoekom moes Avan ’n lap oor sy mond en neus hou?
3. Ken jy die brandweer se nommer?

# Dokter Nazeem




EXTRACT PAGES

Dokter Nazeem se spreekkamer is skoon en netjies.
Suster Shila is ’n verpleegster. Sy werk saam met dokter Nazeem.
Dokter Nazeem en suster Shila praat oor ’n pasiënt wat hulle behandel.
Suster Shila en dokter Nazeem doen altyd hul bes om pasiënte te help.